HOOFSTUK

# 6 Hersiening

1 Die volgende inligting is verkry uit die rekeningkundige rekords van KZN Sportklub vir die jaar geëindig 31 Desember 20.8.

## Inligting

Uittreksel uit die NA–SLUITINGSPROEFBALANS OP 31 DESEMBER 20.7

| | |
|---|---|
| Opgelope fonds (Kapitaalfonds) | 71 340 |
| Handelsvoorraad van sweetpakke | 12 000 |
| Opgelope inkomste (ledegeld) | 450 |
| Vooruitontvange inkomste (ledegeld) | 1 200 |
| Debiteure (vir verkope van sweetpakke) | 2 160 |
| Opgelope uitgawes (honorarium) | 540 |
| Krediteure vir sweetpakke | 4 160 |

UITTREKSEL UIT THE ONTVANGSTES EN BETALINGSSTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 20.8

**ONTVANGSTES**

| | |
|---|---|
| Ledegeld | |
| 20.7 | 300 |
| 20.8 | 7 050 |
| 20.9 | 750 |
| Intreegeld | 8 000 |
| Verkoop van sweetpakke | 33 600 |
| Debiteure (vir verkope van sweetpakke) | 3 400 |
| Donasies8 000 | |

**BETALINGS**

| | |
|---|---|
| Ledegeld terugbetaal | 75 |
| Aankoop van 30 nuwe sweetpakke | 15 000 |
| Krediteure vir sweetpakke | 6 300 |
| Honorarium | 300 |

*Nota*: Die verkoop van sweetpakke sluit in sweetpakke wat verkoop is aan kapteins teen 'n verminderde bedrag soos genoem is.

## Addisionele inligting

1 Intreegeld

Nuwe lede moet intreegeld van R800 betaal. Alle die nuwe lede betaal hierdie asook hulle ledegeld vir 20.8. 40% van die intreegeld moet gebruik word om gebruiksuitgawes te dek terwyl die res gekapitaliseer kan word.

2 Ledegeld

- Ledegeld is R150 per lid per jaar. Op 1 Januarie 20.8 het die klub geregistreerde lede.
- Twee lede wat hulle ledegeld vir 6 maande betaal het was gedurende die jaar verplaas. Een lid het sy halfjaar se ledegeld teruggeëis. Die ander lid het sy halfjaar se ledegeld aan die klub geskenk. Die komitee besluit om dit as ’n donasie aan te teken.
- Enige ledegeld uitstaande vanaf die vorige jaar moet afgeskryf word en die name van hierdie lede moet uit die register verwyder word.
- Die sekretaris versoek dat ’n gedeelte van die honorarium aan hom verskuldig vanaf 20.7, teruggehou word as sy ledegeld vir 20.8.
- Teen die einde van die jaar het sommige lede hulle ledegeld vir 20.8 nog geskuld.

3 Sweetpakke

- Sweetpakke is verkoop aan lede teen kosprys plus 50%. Die kosprys het konstant gebly oor die laaste twee jare.
- Sweetpakke is ook op krediet aangekoop. Teen die einde van die jaar is R3 860 nag aan die krediteure vir sweetpakke geskuld.
- Gedurende die jaar is twee sweetpakke aan die kapteins van besoekende spanne gegee as geskenke.
- sweetpakke was op krediet verkoop aan lede.
- Die komitee besluit dat die kapteins van die verkillende spanne sweetpakke mag koop vir kontant teen ’n afslagprys van R600. Ses kapteins is gedurende hierdie jaar aangewys.
- Teen die einde van die jaar was daar sweetpakke voorhande.

4 Ander inligting

- Die kontant donasies wat ontvang is moet gekapitaliseer word.
- Die surplus soos bereken in die Staat van Inkomstes en Uitgawes vir die jaar geëindig 31 Desember 20.8 beloop R12 755.

## Gevra

**1** Stel die volgende Grootboekrekeninge vir die periode 1 Januarie 20.8 aan 31 Desember 20.8 op. Sluit die rekeninge behoorlik af.

| | |
|---|---|
| Opgelope Fonds (kapitaal fonds) | Ledegeld |
| Intreegeld | Sweetpakke |

---

**2** Die konstitusie van die NW Aquatics Klub bevat volgende stipulasies:

- » Nuwe lede moet 'n intreegeld van R1 000 betaal. 'n Kwart van hierdie moet as bedryfsinkomste hanteer word en die res moet gekapitaliseer.
- » Ledegeld is R500 per lid per jaar.
- » Ledegeld verskuldig vir 'n spesifieke jaar moet voor 31 Oktober van die volgende jaar betaal word. Indien nie hieraan voldoen word nie moet die ledegeld afgeskryf word en die naam van die lid moet uit die register van lede verwyder word.
- » Waardevermindering op toerusting moet bereken word teen 20% per jaar op die kosprys.
- » Die klub verkoop klubwapens teen kosprys plus 20%.



Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 31 Desember 20.8

- 50 nuwe lede het by die klub aangesluit en almal het hulle intreegeld en ledegeld ten volle betaal.
- Ledegeld:
  - » Lede wie se ledegeld op 1 Januarie 20.8 betaalbaar was het die bedrag betaal. Ledegeld vir die huidige jaar was ontvang vanaf 300 lede (ingesluit die 50 nuwe lede.)
  - » 60 lede betaal hulle ledegeld vir 20.9.
  - » Lede het nog nie hulle ledegeld vir 20.8 betaal nie.
  - » 'n Lid het na 'n ander klub geskuif. Sy ledegeld wat ten volle terugbetaal.
- Skryfbehoeftes per tjek aangekoop, R900. Skryfbehoeftes aangekoop op krediet, R800. Skryfbehoeftes voorhande op 31 Desember 20.8, R240.
- Verversings aangekoop en betaal voor per tjek, R80 490.
- Verversings verkoop vir kontant , R123 975.
- Verversings voorhande was was geskenk aan 'n kinderhuis.
- Lone betaal vir die jaar beloop R20 800. Die lone verskuldig vir 20.7 was betaal gedurende Januarie 20.8 betaal
- Affiliasiefooie betaal: 20.8 R1 000 en 20.9 R500

- Toerusting aankoop op 1 Mei 20.8 en per tjek betaal, R34 500. Voorsien waardevermindering op toerusting.
- Eiendomsbelasting betaal vir die periode 1 Januarie 20.8 tot 30 Junie 20.9, R27 600.
- 'n Swemgala was op 1 Mei 20.8 gehou.
- Kontant ontvang, R165 430.
- Uitgawes betaal per tjek, R72 390.
- Uitgawes nog betaalbaar, R1 450.
- Op 1 Oktober is R20 000 teen 8% per jaar, kwartaalliks betaalbaar, op vaste deposito by Save Bank belê, R10 000 van hierdie bedrag was onttrek vanuit die spaarrekening. Rente was in Desember 20.8 gekapitaliseer
- Krediteure betaal per tjek, R25 600.
- Rente verdien op spaarrekening, R540.
- Water en elektrisiteit betaal R14 400 en nog uitstaande, R1 320.
- Klubwapens aankoop per tjek, R22 500 (150 klubwapens). Klubwapens is aan die sekretaris van die klub gegee as deel van sy honorarium. 148 klubwapens was vir kontant verkoop.
- 'n Honorarium van R800 aan die sekretaris is goedgekeur maar nog nie betaal.

## Gevra

Stel die Staat van Ontvangstes en Betalings vir die jaar geëindig
31 Desember 20.8

---

**3** Die volgende inligting was verkry uit die boeke van Steadfast Sportklub.

**LYS VAN SALDO'S VAN STEADFAST SPORTKLUB OP 31 DESEMBER 20.7**

| | R |
|---|---|
| Kapitaalfonds | 420 000 |
| Grond en geboue | 890 000 |
| Toerusting | 121 400 |
| Opgelope waardevermindering op toerusting | 59 000 |
| Vaste deposito Save Bank (8% p.j..) | 43 200 |
| | 15 000 |
| Spaar rekening | 33 440 |
| Lopende bankrekening(dt.) | 6 000 |
| Vooruitbetaalde uitgawes (affiliasiefooie) | 400 |
| Opgelope uitgawes (lone) | 8 000 |
| Vooruitontvange inkomste (ledegeld) | 3 000 |
| Opgelope inkomste (ledegeld) | 900 |
| Handelsvoorraad: Klubwapens teen kosprys | |

Ledegeld beloop R180 per lid per jaar.
Op 31 Desember 20.7 het die volgende saldo's in die balansstaat verskyn:

| | |
|---|---|
| Opgelope inkomste (Ledegeld) | R720 |
| Inkomstes vooruit ontvang (Ledegeld) | R540 |

Kontant ontvang vanaf lede gedurende 20.8

| | |
|---|---|
| 2007 | R 360 |
| 2008 | R4 500 |
| 2009 | R 900 |

Uitstaande ledegeld vir 20.7 moet afgeskryf word
Ledegeld nog uitstaande vir 20.8 beloop R1 080
Een lid het na 'n ander klub geskuif. Sy ledegeld was terugbetaal aan hom.

## Gevra

Voltooi die LEDEGELDREKENING in die algemene grootboek vir die jaar geëindig 31 Desember 20.8.

---

**4** Inligting rakende Quickstep Klub
Die volgende rekeninge verskyn in die algemene grootboek van Quickstep klub vir die periode 1 November 20.7 tot 31 October 20.8.

**ALGEMENE GROOTBOEK QUICKSTEP KLUB**

Dt. INTREEGELD Kt.

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.8 | | | | | 20.6 | | | |
| Okt | 31 | Bedrag gekapitaliseer | AJ | 24 200 | Okt 31 | Bank | KOJ | 44 000 |
| | | Bedrag gebruik vir bedryfsinkomste | AJ | 19 800 | | | | |
| | | | | 44 000 | | | | 44 000 |

*Nota*: Intreegeld is R800 vir nuwe lede, betaalbaar wanneer daar by die klub aangesluit word.

Dt. KLUBWAPENS Kt.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.7 | | | | | 20.8 | | | | |
| Nov | 1 | Handelsvoorraad | AJ | 600 | Okt | 31 | Bank (verkope) | KOJ | 5 580 |
| 20.8 | | | | | | | Donation | AJ | ? |
| Okt | 31 | Bank (aankope) | KBJ | 3 600 | | | Stock of badges | AJ | ? |
| | | Krediteure vir klubwapens | AJ | 1 200 | | | | | |
| | | Wins op verkoop van klubwapens | AJ | ? | | | | | |

*Nota*:

1 Klubwapens is gekoop teen R30 elk. Hierdie prys het onveranderd gedurende die jaar gebly.
2 Klubwapens is verkoop teen kosprys plus 20%.
3 Ses klubwapens is aan besoekers gedurende die jaar geskenk.

## Gevra

Bestudeer die Grootboekrekeninge en beantwoord die volgende vrae.

**4.1** Hoeveel nuwe lede het by die klub gedurende die jaar aangesluit?
**4.2** Watter persentasie van die intreegeld was gekapitaliseer?
**4.3** Noem die korrekte kontra-rekeninge vir die volgende bedrae: R24 200 en R19 800
**4.4** Wat is die waarde van die klubwapens wat aan besoekers geskenk was?

4.5 Bereken die wins wat gemaak is met die verkoop van klubwapens?

5 Die tesourier van Sokker City Klub verskil met die Kasboek en die Staat van Ontvangstes en Betalings wat vir die jaar geëindig 20.9 opgestel was.

## Inligting

Die volgende INKOMSTE EN UITGAWE rekening en Na-afsluitingsproefbalans was opgestel deur gebruik te maak van beskikbare inligting:

### ALGEMENE GROOTBOEK VAN SOCCER CITY KLUB

Dt. INKOMSTE EN UITGAWE Kt.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.9 | | | | | 20.9 | | | | |
| Des | 31 | Ledegeld afgeskryf | | 150 | Des | 31 | Ledegeld | | 12 000 |
| | | Waardevermindering | | | | | Donasies | | 12 900 |
| | | op toerusting | | 700 | | | Intreegeld | | 4 000 |
| | | Herstelwerk | | 3 900 | | | | | |
| | | Versekering | | 4 500 | | | | | |
| | | Lone | | 7 800 | | | | | |
| | | Diverse uitgawes | | 1 650 | | | | | |
| | | Sokkerballe | | 1 400 | | | | | |
| | | Telefoon | | 2 100 | | | | | |
| | | Opgelope fonds | | 6 700 | | | | | |
| | | | | 28 900 | | | | | 28 900 |

### NA-AFSLUITINGSPROEFBALANS VAN SOCCER CITY KLUB OP 31 DESEMBER

| | 20.9 | | 20.8 | |
|---|---|---|---|---|
| | **Debiet** | **Krediet** | **Debiet** | **Krediet** |
| Opgelope fondse | | 108 620 | | 101 920 |
| Grond en gebou | 90 000 | | 80 000 | |
| Toerusting teen drawaarde | 5 200 | | 3 900 | |
| Voorraad van sokkerballe | 400 | | 500 | |
| Opgelope Inkomste (Ledegeld) | 425 | | 450 | |
| Vooruitbetaalde Uitgawes (Versekering) | 200 | | 170 | |
| Bank | 13 975 | | 18 500 | |
| Opgelope Uitgawes (Herstelwerk) | | 980 | | 700 |
| Vooruitontvange inkomste (Ledegeld) | | 600 | | 900 |
| | 110 200 | 110 200 | 103 520 | 103 520 |

## Addisionele inligting

1 Alle die tasbare bates aangekoop was betaal voor per tjek.

2 Geen tasbare bates was verkoop nie.

## Gevra

Stel die Staat van Ontvangstes en Betalings vir die jaar geëindig 31 Desember 20.9.